# DIE SKIPPER

Gemeentenuus

2024 VOL. 2

25/08/2024

## Saam maak ons 'n verskil!






### Caregroup etes

Die **Caregroup** van Deneysville gee tans vir ongeveer 80 behoeftiges in Deneysville elke Donderdag 'n ete. Ons gemeentelede is hierby betrokke o.l.v. Sandra Du Preez. Vir meer inligting kan Mona Grobbelaar gekontak word by 083 707 0905.



### Saambring Sondae

Ons het Januarie die inisiatief begin om elke eerste Sondag van die maand 'n item saam te bring vir Barmhartigheid. Dit help ons om die kerk se koskaste aan te vul. Baie dankie aan elkeen wat hierby betrokke is, dit maak 'n reuse verskil!

### Klere verkoping



Ons ontvang gereeld skenkings van klere en beddegoed wat uitgegee word aan die wat dit regtig nodig het. Nog 'n manier om die gemeenskap te help is deur die klere verkopings wat ons twee jaarliks hou.

Ons eerste verkoping is in Junie gehou en 'n goeie bedrag is daardeur ingevorder vir barmhartigheid wat weer help met die aankoop van kos. Ons beoog om begin Oktober weer 'n klere verkoping te hou, met die fokus op somersklere. As jy jou kas regpak vir die somer en daar is klere/beddegoed wat jy kan skenk sal dit opreg waardeer word. Kontak vir Atha by die kantoor vir inligting op 0163711405.

### Kospakkies

Maandelikse kospakkies word uitgedeel aan behoeftiges. Baie dankie aan almal betrokke en aan al die skenkings wat daarvoor ontvang word.

### Donasies

Donasies spesifiek vir BARMHARTIGHEID kan per EFT gedoen word in die kerk se bankrekening met verwysing: **LIEFDE**.

**Bankbesonderhede:**
NG GEMEENTE DENEYSVILLE
ABSA Tjekrekening
Takkode: 630-137
Reknr: 405-226-4018



## Tekkie-Projek



Tydens Junie-maand se **SAAMBRING SONDAG** het ons die voorreg gehad om die twee Jeugsorg sentrums in Sasolburg by te staan met hulle nood vir skoene. Dankie vir almal se ope harte.

Hulle het deurgegee dat daar tans 'n groot behoefte is vir skoolklere vir die kinders en as jy enigsins kan help, kan die Kantoor gekontak word op 0163711405.

## Kunsuitstalling

Moenie hierdie geleentheid misloop om ons plaaslike kunstenaars te kom ondersteun vir 'n baie goeie doel nie! Hierdie beloof om 'n aand tussen die sterre te wees!








## —projek 2024

**Ek hoop jy bak al koekies!!!!!!**

**Vrydag, 06 Desember 2024 om 18:00**





## Kategese Movie Night

Vrydag, 31 Mei het die saal behoorlik gegons met al die opgewonde stemme van ons kids. Die Movie Night was hope pret en sal beslis weer gedoen word!



## Potjie-Opskop 2024



As daar nou een ding is wat ons gemeente kan goed doen (behalwe sing natuurlik!), is dit lekker kuier. Moenie hierdie kuier misloop nie. Jy kan jouself trommeldik kom eet aan al die heerlikste potjies, daar gaan goeie Boeretroos wees en musiek wat jou voete gaan laat dans tot laat in die aand!

**DATUM**: 05 Oktober 2024

14h00 - Potjies begin prut en lekker saamkuier

17h00 - Hoofgereg

18h00 tot laat - Opskop (Dans en saamkuier)

**PLEK**: GoedheidInniSkuur, Veekraal

**KOSTE**: R200 per persoon

***Kaartjies nou te koop by die Kantoor!***






**Oom Steve sê Tannie Martie se golfstokke staan al by die voordeur ... Julle sal moet oefen!**



# GOLF DAG

TEN BATE VAN
**NG DENEYSVILLE**

**MEER BESONDERHEDE**

AFSLAAN OM

**1 NOVEMBER 2024 – 11:00**

HERON BANKS—VAALPARK

| REGISTRASIE | TOERNOOI PRYSE | | |
|---|---|---|---|
| BEGIN OM 10:00 (HERON BANKS) | NAT GATE | HALFPAD-MERK SNOEP ETE | PRYSUITDELING EN ETE |

VIR MEER INLIGTING **RENITA LOMBARD—082 416 1710** NG KERK DENEYSVILLE

**SnapScan en kaart-fasiliteite nou beskikbaar by die kantoor!**

**Moenie uitmis nie!**

Kontak die Kantoor op 0163711405 voor dit te laat is!



# Wildsvleis te koop

| | |
|---|---|
| Maalvleis | @ R80/kg |
| Wors | @ R90/kg |
| Patties | @ R90/kg |

# Oktober-maand is Verkondig Die Woord-maand


**Bring jou Bybel en kom deel jou passie en liefde vir die Woord van God!**

Sondag, 06 Oktober - Kinderdiens (*voorsang deur Die Clan*)

Sondag, 13 Oktober - Bybelgenootskap-besoek

Sondag, 20 Oktober - Ons gesels verder oor God se Woord

Sondag, 27 Oktober - Aktuele Diens





Deur die loop van Oktober gaan ons 'n muntlegging hou vir die Bybelgenootskap … maak al daardie munte bymekaar wat jou beursie so swaar maak vir 'n goeie doel!




## Uit die pen van ons leraars …



Dit was op die 8ste Junie 1987 toe 'n Vervoermaatskappy vir my en Frances hier afgelaai het. Op Saterdag 13 Junie 1987 is ek bevestig as leraar van die NG Gemeente Oranjeville met as werksterrein Deneysville deel van die gemeente.

17 Junie 1994 het die Deneysville-deel van die gemeente afgestig van NG Oranjeville af en my saam geneem. Ook dit was 'n voorreg soos min.

Hier het ek as leraar groot geword, geleer van bediening, alles wat nie in die handboeke gestaan het nie nou geleer. Ek het die kerk in breer verband leer ken, verhoudings gebou, mense leer lief kry en ek moes heel party van hulle of weer sien verhuis of begrawe.

Ons het saam gehuil, saam seer gekry en saam opgestaan. Dit alles deur die genadige hand van ons Here Jesus Christus.

Ek het kinders gedoop, wie ek later getrou het, en weer hulle kindertjies moes doop. As ek aan Oranjeville en Deneysville dink is daar baie positiewe herinneringe. Dit voel asof dit nog altyd my lewe was. Ek is dankbaar daarvoor.

Ek is dankbaar vir almal wat saam met my en Marisa 'n nuwe begin gemaak het in 2015. Net nog soveel kosbare oomblik saam met Deneysville.

Ek is dankbaar vir elkeen wat my gedra het in seerkry-tye en met die kanker-storie saam. Ek is dankbaar vir gebede, vir ondersteuning en aanmoediging en ook vir reg gehelp word as ek dit verkeerd gekry het. Vir verdraagsaamheid, vir saam lag en fees vier en basaars hou en sommer net saam wees, sê ek dankie.

Julle is kosbaar.

Dankie ook dat ek as 'n tentmaker-leraar nog so dan en wan van waarde sal mag wees.

*Carlie*

***"'n Pelgrimslied. Toe die Here die lot van Sion verander het, was dit vir ons soos 'n droom. Ons het gelag en gesing. Onder die nasies het hulle gesê; die Here het groot dinge aan hierdie mense gedoen. Die Here hét groot dinge aan ons gedoen, ons was bly."***

**Psalm 126:1-3**

Hierdie Pelgrimslied word beskryf as 'n volksklaaglied. Die omstandighede waarin die Here se kinders verkeer wanneer hulle hierdie lied sing, is baie moeilik. Daar word van 'n groot natuurramp gepraat, waar droogte die gelowiges se lewe bedreig. Vandag se ervaring in my lewe kan dalk baie moeilik wees. Alles werk nie uit soos ek dit beplan het nie. Daar is dalk dinge wat vandag groot seer veroorsaak. Op die pelgrimsreis van die lewe is dit noodsaaklik om tot stilstand te kom wanneer vandag nie meer hanteerbaar voel nie. In sulke moeilike dae is dit so belangrik om kalm te bly, en jou kommer in gebed voor die Here se voete te gaan neerlê. En om by die voete van die Here te bly.

Wanneer die pelgrim se ervaring van vandag moeilik was, dan het hy gelowig teruggekyk na gister. Die verlede is vol van die reddingsdade wat God vir sy kinders gedoen het. Hierdie psalm is waarskynlik na die Babiloniese ballingskap geskryf, toe die bannelinge toegelaat is om terug te keer na Juda, en hulle lewens te gaan herbou. Daar was groot dankbaarheid, en dit is beleef as die Here se magtige reddingsdade wat sy kinders weer verlos het uit slawerny. Hierdie tyd word onthou as 'n tyd van lag en sang. Die verlede vertel van goeie tye, omdat die Here uitkoms gebring het in nood.

Geen lewenspad is egter net maklik nie. Daar het moeilike tye ingetree na die ballingskap, daar was groot droogte, en die ekonomie het baie gesukkel om weer op dreef te kom. Daarom begin die kinders van die Here in vers 4 om te bid, en vir die Here te smeek om hulle lot weer 'n keer te verander. In die verskriklike droogte is hulle versoek dat die Suidland se droë spruite weer in waterstrome sal verander. Waar daar vrees is om te saai, en met trane gesaai word, is die geloofsverwagting dat die Here se kinders met vreugde die oes sal inbring.

Op die pelgrimsreis van ons lewe is daar soveel getuienis van die Here se goedheid in die verlede. Die ervaring van vandag mag uiters moeilik wees. Daar is steeds groot droogte in dele van Suid-Afrika, en so baie spanning rondom grond, politiek en ekonomie. Mag ons biddend en in geloof vorentoe gaan op ons lewenspad. Mag daar 'n goeie oes wees, en 'n toekoms waarin ons kan lag en sing.

*Dirk*

## Opkomende datums !

**September 2024**

13 - Kategese Pizza Rally

15 - Voorstelling van kerkraadslede

**Oktober 2024**

Verkondig die Woord-maand!

(Onthou jou Bybel)

05 - Potjie-Opskop

**November 2024**

01 - Golf-dag

13 - Kerkraadsvergadering

24 - Kerssangdiens

29—Kunsuitstalling




**Volgende uitgawe : 21 November 2024.**

**Kontakbesonderhede**:

Vir enige navrae of hulp kan Atha by die kerkkantoor gekontak word:

Tel: (016) 371 1405

WhatsApp: 0163711405

Epos: ngdeneysville@outlook.com

---

**Bankbesonderhede:**

NG GEMEENTE DENEYSVILLE
ABSA Tjekrekening
Takkode: 630-137
Reknr: 405-226-4018